Wat maak hulle op die strand - uit die oog van `n kind

Mamma, wat maak die sterretjies op die strand,
het hulle uit die lug geval; hulle kan mos nie in die dag skyn nie,
sal daar vannag minder sterre liggies wees wat skyn,
Mamma wat soek hulle op die strand?

Was hulle mammas vir hulle kwaad gewees,
is dit hulle straf, moet hulle nou vir altyd op die seesand lê,
Mamma wat maak hulle op die strand?

Kyk mamma, hulle ogies flikker en flonker nie,
hul ogies is droog gehuil, hulle blink nie meer nie,
hulle kan nie meer hulle liggies laat skyn nie,
hulle gesiggies is baie vuil,
Mamma hoe lank moet hulle nog hier bly?

My kind dit is nie die hemel se sterretjies nie,
hulle is ster-kindertjies van die grootte see.

En vir oulaas vra sy weer,
maar mamma, moet hulle dan nie onder in die water gaan skyn.
Mamma wat maak hulle op die strand?

(geskryf deur Estelle Duvenhage)